Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

30 April 2026 Uitgawe: 3/2/2026

# UIT DIE KANTOOR

Die afgelope twee weke was lekker besig met al die sport- en kultuuraktiwiteite wat plaasgevind het. Buiten die sport, het die Voortrekkers weer ‘n lekker kamp by Doornkloof bygewoon en, net soos verlede jaar, het hul weer met die busse vasgesit in die modder. Gelukkig is hulle Voortrekkers en weet hul presies hoe om dit te hanteer. Dankie aan juf. Carina Kriel wat die leerders vergesel het. Hul verdien elkeen ‘n “penning” (kenteken).

Baie dankie aan die ouers wat die afgelope naweek hul kinders kom ondersteun het tydens ons eerste Wesgrow-liga. Dankie aan die ouerkomitee onder leiding van Freda Goosen asook ander Tjokkie-ouers wat ook tydens hierdie dae kom help het met kosverkope. Alhoewel die reën bietjie die beplanning deurmekaar gekrap het, was dit ‘n uiters suksesvolle naweek.

**Kunswedstryd:**

So tussen die sport en akademie deur word daar ook hard voorberei vir die Kunswedstryd wat vanaf 18 Mei plaasvind. Alle leerders wat betrokke is, sal vroegtydig al die inligting ontvang oor wanneer en waar hul presies deelneem. Sterkte met al die voorbereidings.

**Toetsweek:**

Vanaf Woensdag, 6 Mei skryf die Gr. 4-7 leerders weer toetse as deel van hul assesserings vir kwartaal 2. Die toetsrooster is reeds versprei. Maak asb. seker dat u kind wel die toetsrooster ontvang het sodat hul deeglik kan voorberei. Die toetswerk is ook reeds op 28 April aan die leerders deurgegee.

**Wintersdrag:**


Vanaf Maandag, 4 Mei trek leerders wintersdrag aan. Ek rig ‘n vriendelike versoek aan ouers om hul kinders met die korrekte kleredrag skool toe te stuur. Sorg ook dat die leerders se klere gemerk is, want die berg verlore klere raak elke dag groter. **Let wel:** Ongelukkig sal daar nie uitsonderings gemaak word ten opsigte van sweetpakke op reënerige en koue dae nie. Indien die temperature van so aard is dat dit uitsonderlik koud is, sal ek wel uitsonderings maak. Ouers sal via die Community WhatsApp ingelig word.

## ANDER

Die ouers wat belangstel hoe die uitslae van die Wesgrow kompetisie vorder, kan dit op Facebook *onder* ***"Wesgrow Sentrale Laerskole Sportreeks"*** vind.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 30 April: | Skool verdaag om 12:00 vir langnaweek |
| 1 Mei: | Werkersdag (geen skool) |
| 1-2 Mei: | H/S Sentraal Standardbanktoernooi (o/13A rugby/netbal) |
| 4 Mei: | Wintersdrag |
| | Rugby- en Netballiga @ Jim Fouché |
| | BL-vergadering |
| 5 Mei: | Skaakliga |
| 6 Mei: | Gr. 4-7 Toetsweek begin |
| | Senior Kooroptrede (St. Michaels) |
| 7 Mei: | Rugby- en Netballiga @ Pres. Brand |
| 8 Mei: | Tjokkies Pre-Primêre Gholfdag |



## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 30 April: | Juf. Annalene Venter (Gr. 5) |
| 5 Mei: | Juf. Ilne Erasmus (Gr. 3) |
| 7 Mei: | Juf. Anne-Marie Claassen (Gr. 3) |
| 8 Mei: | Juf. Leandri Kruger (Gr. 2) |

*An Attitude of Gratitude*

I TESSALONISENSE 5:18 ABA

Julle moet altyd dankbaar wees, dit maak nie saak wat gebeur nie. Dit is wat God wil hê julle moet doen omdat julle in Christus Jesus glo.

1 TESSALONISENSE 5:18 NLV

Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God van julle verwag omdat julle met Christus Jesus verenig is.

Dankbaarheid is iets wat jy in jou hart koester teenoor God. Dit is ‘n lofoffer wat Hom toekom. Dankbaarheid is deel van ‘n Christen se leefwyse.

Ons kan dankie sê **in** alle omstandighede (nie **vir** alle omstandighede nie), want God is konstant goed en Sy goedheid teenoor my, volg my al die dae van my lewe!

Om ‘n leefstyl van dankbaarheid te kweek, is tot ons voordeel. Dit gee ons ‘n geloofsbril om die toekoms duidelik met hoop te aanskou. Dit maak dat ons dan kan asem skep in huidige omstandighede, want ons toekoms is blink in God se hande!

Net soos met enige spier of goeie gewoonte, moet dankbaarheid geoefen word...

Dink aan 5 dinge waarvoor jy vandag dankbaar is. Sê vir God dankie.

Môre maak ons weer so...en ook die dag daarna...

PSALM 118:29 NLV

Wees dankbaar teenoor die Here, want Hy is goed! Sy goedheid duur vir altyd!

## SNUFFELS



# NG Kerk Langenhovenpark Kermis

8 Mei Vrydag 2026

vanaf 17:00

By NG kerk Langenhovenpark

17 Boerneef straat

- Heerlike vars Jaffels
- Koeke, terte beskuit
- Oulike geskenke vir moedersdag
- Soetgoed vir die jonges
- Kerrie en Rys
- Sosaties en skilpadjies
- Heerlike poeding
- Handwerk tafel
- Pannekoek
- Sop en Vetkoek
- Ingelegte produkte
- Worsbroodjies

En vir die Jongspan

Poppekas, baie speletjies en raaisels, springkasteel en paintball

